LAERSKOOL TYGERPOORT — DOELGERIG

**22 April 2024**

# Tygie-nuus

**Webtuiste:** www.tygies.co.za **Facebook:** www.facebook.com/Tygies **E-pos:** admin@tygies.co.za

| **PROGRAM VIR DIE WEEK** | |
|---|---|
| **MAANDAG – 22 APRIL** | **DAG 2** |
| • Tennis (Oop A & B: Seuns en dogters): Oefening | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | 06:30 - 07:10 |
| • Juniorkoor: Oefening | 13:15 - 14:00 |
| • Rugby: Blou Bul-proewe | |
| • Netbal (o/10-o/11): Oefening | 14:00 - 15:30 |
| • Rugby (o/11-o/13): Oefening | 14:00 - 15:15 |
| • Mininetbal (o/9): Oefening (multi-funksionele bane) | 14:15 - 15:15 |
| • Rugby (o/9-o/10): Oefening | 15:15 - 16:30 |
| • Marimba-orkes (seniorgroep): Oefening (K11) | 15:30 - 16:30 |
| • Netbal (o/12-o/13): Oefening | 15:30 - 17:00 |
| • Seniorkoor: Oefening (koor kry voorkeur) | 16:30 - 18:00 |
| • Bulletjierugby (o/6-o/8): Oefening | 17:00 |
| • Tygerpoort hokkie-akademie (THA)(o/11-o/13): Oefening | 17:00 - 18:00 |
| **DINSDAG – 23 APRIL** | **DAG 3** |
| • **Juffrou Alicia Swanepoel verjaar!** | |
| • Tennis (o/11A & B: Seuns en dogters): Oefening | 06:30 |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | 06:30 - 07:10 |
| • Landloop: Oefening (sien bladsy 3) | 06:30 - 07:15 |
| • Tennis (o/11A & B: Seuns en dogters): Oefening | 06:30 |
| • Marimba-orkes (juniorgroep): Oefening (K11) | 13:45 - 14:45 |
| • Mininetbal (o/7 en o/8): Oefening (multi-funksionele bane) | 14:00 - 15:00 |
| • Rugby (o/10-o/11): Oefening | 14:00 - 15:30 |
| • Rugby: Blou Bul-proewe | |
| • Netbal (o/10-o/13): Ligawedstryde vs. L/s Hennopspark (tuis) | |
| • Mininetbal (o/9): Oefening (multi-funksionele bane) | 15:00 - 16:00 |
| • Rugby (o/9 en o/13): Oefening | 15:30 - 17:00 |

| | |
|---|---|
| **WOENSDAG – 24 APRIL** | **DAG 4** |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (dogters): Oefening | 06:30 – 07:10 |
| • Rugby: Wildeklawer (Kimberley) | |
| • Juniorkoor: Oefening (saal) | 13:15 - 14:30 |
| • Skaak (gr. 1-3) in juffrou Celestine se klas (G4) | 13:15 - 14:00 |
| • Seniorkoor: Almal oefen | 14:00 - 15:00 |
| • Skaak (gr. 4-7) in juffrou Celestine se klas (G4) | 14:00 - 15:00 |
| • Rugby (o/9-o/10): Oefening | 14:00 - 15:30 |
| • Rugby (o/11-o/12): Oefening | 15:30 - 17:00 |
| • Tygerpoort hokkie-akademie (THA)(o/9): Oefening | 16:00 - 17:00 |
| • Tygerpoort hokkie-akademie (THA)(o/10-o/13 en doelwagters): Oefening | 17:00 - 18:00 |
| • Senior Revue-groep: Oefening (saal) | 17:00 - 18:30 |
| • Bulletjierugby (o/6-o/8): Oefening | 17:00 |
| **DONDERDAG – 25 APRIL** | **DAG 5** |
| • Tygie-ontwikkelingsakademie (seuns): Oefening | 06:30 - 07:10 |
| • Tennis (o/11C & D: Seuns en Oop C-seuns): Oefening | 06:30 |
| • Rugby: Wildeklawer (Kimberley) | |
| • Toets: Afrikaans – Transaksionele skryfwerk (gr. 4-7) | |
| • ISF (gr. 4-7): Toetsrooster en -afbakening uit aan die leerders | |
| • Mininetbal (o/7 en o/8): Oefening (multi-funksionele bane) | 14:00 - 15:00 |
| • Rugby (o/9 en o/13): Oefening | 14:00 - 15:30 |
| • Netbal (o/10-o/11): Oefening | 14:00 - 15:30 |
| • Mininetbal (o/9): Oefening (multi-funksionele bane) | 15:00 - 16:00 |
| • Landloop: Oefening | 15:30 - 16:30 |
| • Netbal (o/12-o/13): Oefening | 15:30 - 17:00 |
| • Rugby (o/10 en o/11): Oefening | 15:30 - 17:00 |
| **VRYDAG – 26 APRIL** | **DAG 6** |
| • Tennis (o/11A: Seuns en dogters): Oefening vir die Bethlehem-toerspan | 06:30 |
| • Rugby: Wildeklawer (Kimberley) | |
| • Marimba-orkes (seniorgroep): Geen oefening | |
| • Hokkie (o/11-o/13: Dogters): Proewe rondte 1 (toerspanne) – program op Team App | |
| • ATKV-redenaars: H/s Menlopark | 13:00 - 18:00 |
| • Pom-Poms: Oefening | 13:30 - 14:00 |
| • Tygie-rugby-akademie (o/9-o/13): Alle skoppers | 13:30 - 14:30 |
| • Netbal (o/10-o/13): Oefening | 13:30 - 14:30 |
| **SATERDAG – 27 APRIL** | |
| • Rugby: Wildeklawer (Kimberley) | |
| • ATKV-redenaars: H/s Menlopark | 07:00 - 18:00 |
| **SONDAG – 28 APRIL** | |
| • Rugby: Wildeklawer (Kimberley) | |
| • **Mnr. Marius Carnie verjaar!** | |




## KLEREDRAG

Neem kennis dat alle ou reënbaadjies en ou swart en rooi Fleece-tops nie meer toelaatbaar is nie. Ons het vanaf verlede jaar ten volle oorgeskakel na die nuwe kleredrag soos in die klerewinkel verkrygbaar. Verder is net die amptelike sweetpak toelaatbaar om op LO-dae te dra. Leerders wat nie 'n sweetpak het nie, kan die gewone grys langbroek en wit hemp dra in die winterseisoen. Dit is nie verpligtend om sweetpakke te dra nie.

Die **oorgang na wintersdrag** is vanaf 9 April tot 10 Mei. Daarna moet leerders wintersdrag dra tot en met die volgende kennisgewing.

- **Graad 1 tot 3-leerders** mag elke dag LO-sweetpakke dra.
- **Graad 4 tot 7-leerders** mag net op dae waarop die leerders LO het, LO-drag aantrek, ander dae skoolklere (grys en wit) asseblief.

Baie dankie vir u samewerking.

## WERKSKLASSE (GRAAD 4-7)

**BELANGRIKE INLIGTING:**

- Werksklasse word slegs aangebied vir leerders wat 'n uitnodiging ontvang.

Skakel: Lokale en tye vir die week van 22 – 26 April

## WOLKSKOOL: GRAAD 4-7

- Al ons graad 4 tot 7-leerders het profiele op "Wolkskool" wat deur die skool betaal word.
- Ons vra dat u asseblief gebruik sal maak van die video's en assesserings vir hersiening en verryking.
- Volg die skakel vir die stappe wat u moet volg om te registreer. Skakel
- Vir enige navrae kontak gerus hildegard@skole.co.za.

## LANDLOOP

Die landloopseisoen vind oor twee kwartale plaas. In kwartaal 2 vind die AGN-liga plaas en in kwartaal 3 vind die AGN Laerskole-liga plaas.

Oefentye in kwartaal 2 sal slegs twee keer 'n week wees en sal weekliks in die nuusbrief verskyn. Oefentye vir kwartaal 3 sal aangepas en deurgegee word, nader aan die tyd.

Volg die skakel vir meer inligting i.v.m. die landloop: Skakel

## ROMMEL

Die nuwe kwartaal is aan die gang en ons graad 6'e gaan hierdie rondte alles in die stryd werp om ons terrein skoon te hou. Die T-klas van juffrou Denise is baie kompeterend en wil eers sien hoeveel rommel juffrou Karen se L-klas optel voordat hulle die massa van al die rommel bekend maak. Hou dus hierdie spasie dop - groot dinge is aan die kom!

## SPORT

Uitslae (rugby en netbal): Skakel

## VOORTREKKERS

Gedurende die pas afgelope vakansie het die Voortrekkers pure pret op verskeie kampe beleef. Lekker kos en nuwe maats, liggiespele, waterkaskenades en kampvuurkonsert was aan die orde van die dag! Sommiges het heerlik onder die sterre geslaap, windbuks geskiet en lekker vol modder geword op die hindernisbaan! Tussendeur al die genot het hul, hul onderskeie spesialisasies klaargemaak en hul kentekens verdien.

**21-25 Maart: Hoëveld PD Kamp**

**Graad 4 Suikerbekkies: Plantekennis**
Karla Fourie
Nicci Moll

**Graad 6 Dolfyne: Spoorsny**
Alieka Talma
Anja van der Merwe
Hannah Fourie

**Graad 7 Naaldekoker: Veldbewustheid**
Isla Vorster

**27-31 Maart: Jakaranda PD Kamp**

**Graad 3 Olifant: Paraatheid**
Gerhard Meiring

**Graad 4 Suikerbekkie: Handwerk**
Anje Lentz

**Graad 6 Krokodille: Spoorsny**
Karl Frank
Henré Meiring

**Graad 7 Gemsbok: Spoorsny**
Chase Mocke

**23-28 Maart: Sentrale PD Waterwerke Kamp**

**Graad 5 Poue: Varswater Dierekennis**
Klarise Louw
Lachelle Brazelle

**Graad 6 Krokodille: Varswaterhengel**
Keanu Kellerman
Quintin Kellerman

**Graad 6 Krokodille: Redding**
Arné Louw
Conrad Venter
Neil Lourens

**22-26 Maart: Noordelike PD Kamp**

**Graad 7 Naaldekokers: Veldbewustheid**
Isla Vorster
Jolanie Enslin
Susan Zaayman

**12-14 April: Wapadrand GGN - Belofte Spesialisasie**

**Graad 7 – Naaldekokers: Godsdiens**
Jolanie Enslin
Karmi Olivier
Kayla Ponder
Lianie v.d. Eeden
Simoné Kemp
Susan Zaayman

## TYGIE-10-PROJEK EN HEMELVAART: DONDERDAG 9 MEI

Op Donderdag 9 Mei met Hemelvaartdag wys ons liefde en dankbaarheid vir die gemeenskap deur by te dra vir die skool se koskas. Hiérdie kos word aan ons behoeftige gesinne in ons skool uitgedeel. Saam maak ons 'n groot verskil in ons Tygie-ouers en leerders se lewens.

**Leerders mag 'n wit strikkie aan hul skoolklere dra tydens Hemelvaartdag.**

Voorgestelde inkopielys per graad:

Graad 1: Pap / Weetbix / ProNutro / Rice Crispies / Oats / All Bran / Cornflakes / enige ontbytpap

Graad 2: Sjampoe / deodorant / tandepasta / Bleach / Domestos / Handy Andy / waspoeier / badseep / toiletpapier

Graad 3: Pasta / spaghetti / rys / stampmielies / mieliemeel / 2 min noodles / pasta souse

Graad 4: Melk / Cremora / koffie / tee / Milo / hot chocolate / suiker

Graad 5: Kaassmeer / ander smere soos Bovril, Marmite, grondboontjiebotter, stroop / konfyt

Graad 6: Provitas / cereal bars bv. Jungle oats ens. / snackbars / energy bars / koekies / vrugte stokkies

Graad 7: Mayonaise / tamatiesous / Chutney / kookolie / sop / Cup a soup / koeldrank bv. Oros / sout & peper / speserye

Ons benodig ook enige ekstra vleisskenkings vir die vrieskas soos **wildsvleis, wors of ander vleissoorte. Vars groente- en vrugte produkte is ook weekliks welkom.**

Kontak mev. Yvette Jordaan by maatskaplik@tygies.co.za in dié verband.

Baie dankie vir u getroue ondersteuning!

| KASKAR 2024: 10 MEI |
|---|
| Elke leerder het Vrydag, 12 April 'n kaskar-vorm ontvang om geld in te samel. Hierdie vorms moet terug skooltoe gestuur word teen 10 Mei. Indien die vorm intussen vol ingevul is, mag die leerder 'n nuwe vorm kry om nog geld in te samel. Leerders mag soveel kaskar-vorms vol maak soos hulle verkies.<br><br>Volg die skakel vir meer inligting aangaande die kaskar-vorms: https://d6.gs/MVbtkc<br><br>Elke leerder dra **R30** by deur die d6 Connect App wat vir die "props" en klere wat tydens die optog gedra gaan word.<br><br>Kom neem deel aan ons Tygie-meesterbraai kompetisie! Eerste 10 video's word na die beoordelaars gestuur en slegs 5 spanne gaan deur na die finaal tydens ons kaskar-ouer braai na afloop van die kaskar-wedrenne.<br><br>Vir algemene inligting i.v.m. Kaskar 2024 volg die skakel: https://d6.gs/2mPE1u |
| **KASKAR 2024: STALLETJIES** |
| Indien u belangstel om 'n stalletjie by hierdie geleentheid te bespreek stuur 'n e-pos na bemarking@tygies.co.za. Besprekings sluit 26 April. |
| **REDENAARSDATUMS** |
| Redenaars (individuele sprekers en spanne) kan inskryf vir die volgende kompetisies, wat erken word vir merietefunksie-doeleindes. Die items wat erken word, is Afrikaans en Engels voorbereid en onvoorbereid, asook spanredenaars. Ouers gaan vanjaar hul kinders persoonlik vir hierdie kompetisies inskryf. Ouers sal ook self die video's instuur. Indien u nie weet hoe nie, kan u ons kontak om hulp te verleen. |

**Kansvatter** (meer inligting by https://petrusjacobslive.co.za, skryf by **Ervare afdeling** in)

| | |
|---|---|
| 26 April | Registrasie sluitingsdatum |
| 13 - 17 Mei | Oplaai van rondte 1 video's |
| 3 Junie | Resultate beskikbaar |
| 9 - 15 Julie | Oplaai van rondte 2 video's |
| 29 Julie | Resultate beskikbaar |
| 3 - 5 Oktober | Finaal (lewendig) |

**Radikale Redenaars**

| | |
|---|---|
| 16 Mei | Inskrywings sluit |
| 30 Mei | Sluitingsdatum vir video's |
| 11 Julie | Resultate op die web beskikbaar |
| 20 Julie | Streeksfinaal |

**Oppie Tong Af** (meer inligting op https://oppietongaf.co.za )

| | |
|---|---|
| 9 Julie - 8 Augustus | Kompetisie vind plaas (aanlyn – lewendig) (Individuele sprekers) |
| 26 Aug. - 6 Sept. | Kompetisie vind plaas (aanlyn – lewendig) (Spanredenaars) |
| 3 - 5 Oktober | Nasionale finaal (lewendig) |



## Is jy op koers met jou aftreebeplanning en spaarfonds vir jou kinders se studies?

**Kontak my vir 'n GRATIS Welvaart assessering**

# PSG Wealth Pretoria Oos

Waarom blindelings deur die lewe gaan en jou en jou geliefde se toekoms in gevaar stel? Ons is gereed om jou te help sodat jy jou finansiële doelwitte kan bereik. Met ons kundigheid en persoonlike benadering kan ons jou help om die komplekse wêreld van finansies te navigeer en ingeligte besluite te neem om 'n beter toekoms vir jou en jou gesin te verseker.

Jy werk hard vir jou geld en jou geld moet hard werk vir jou.

Kontak my gerus sodat ek jou behulpsaam kan wees met enige hersiening van bestaande beplanning wat jy reeds het of met die begin van jou reis na finansiële gemoedsrus.

**Kontak my vir kundige finansiële advies:**



**Lorika Steyn CFP®**
Welvaart Adviseur
C 083 225 2695
T 086 177 4000
E lorika.steyn@psg.co.za

**PSG Wealth Pretoria Oos**
4de Vloer, Lynnwood Bridge Kantoorpark
4 Daventry Straat, Kaaimans Gebou,
Lynnwood Manor, Menlo Park, 0081

**PSG Kantoor van die jaar 2023**
12 keer wenner

PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. FDV 728

PSG Wealth



# TYGIE-MEESTERBRAAI KOMPETISIE

SKRYF 'N BRAAISPAN IN DEUR 'N KREATIEWE VIDEO TE MAAK EN TE WYS WIE SE SPAN HET DIE BESTE BRAAIERS!

Die eerste 10 spanne wat inskryf se inskrywingsvideo word na die 3 beoordelaars gestuur en die Top 5 spanne word gekies om op 10 Mei deel te neem.

Video-inskrywings:
Open: 10 April
Sluit: 22 April

- 5 lede per span
- Video: 1 minuut

10 MEI
VANAF 17:30

INSKRYWINGS IS GRATIS

TYGIE-MEESTERBRAAI KOMPETISIE

VIR MEER INLIGTING STUUR 'N E-POS NA:
MELS@TYGIES.CO.ZA

INSKRYWINGSVIDEO WORD GESTUUR NA:
ANIEMAND@TYGIES.CO.ZA

LAERSKOOL TYGERPOORT · TYGIELAND GRAAD RR & R · SAFARI OUTDOOR · KAKIEBOS VLEISMARK · !K KALAHARI ENCOUNTERS

# KASKAR

## BRING EN BRAAI

**BESTE TYGIE-OUERS**

**KOM KUIER VRYDAG, 10 MEI SAAM NA DIE KASKAR RONDTES.**
**VURE SAL VOORSIEN WORD.**

**BRING EIE VLEIS, BYKOSSE, EETGEREI EN DRINKGOED.**
**KOSSTALLETJIES IS OOP TOT LAAT.**

TYGIE-MEESTERBRAAI KOMPETISIE

INDIEN U WIL INSKRYF VIR ONS TYGIE-MEESTERBRAAI KOMPETISIE, STUUR 'N E-POS NA:
MELS@TYGIES.CO.ZA
ANIEMAND@TYGIES.CO.ZA

LAERSKOOL TYGERPOORT · TYGIELAND GRAAD RR & R · KAKIEBOS VLEISMARK · SAFARI OUTDOOR · !K KALAHARI ENCOUNTERS

# KASKAR-BRAAI

## BRAAIPAKKETTE

| | |
|---|---|
| Hoender Sosatie (150g) & Wors (150g) | R50 |
| Sirloin Steak (250g) & Wors (150g) | R60 |
| Lam Skouer Tjop (200g) & Wors (150g) | R60 |

## BYKOS

| | |
|---|---|
| Aartappelslaai | R85 |
| Rooi Noedelslaai | R85 |

(Alle slaaie genoeg vir 4 mense)



KONTAK ANÉL LINDE 082 874 6300

VIR ALLE BESTELLINGS

**TYGERPOORT-SNOEPIE**

# Woonstel te huur

Plot 295 Swavelpoort, Pretoria
(Adventure Peaks)
Vanaf: 1 Mei 2024

Vir meer inligting
kontak Antoinette
0828022519

# Wil jy ń verskil in jou kind se punte sien?

Tina Cowley
Leessentrum - Reading Centre

## Lees bevorder:

- Algehele intelligensie
- Strategiese denke
- Kognitiewe vaardighede
- Holistiese werking van die brein

**Lees is 'n belegging in jou kind se toekoms.**

**'n Kind wat kan lees, is 'n kind wat kan dink.**




master literacy
words and beyond

# Make Reading Fun!

**Personalised Grade 4 - 7 Digital Literacy Program.**

Help your child improve their listening, reading, spelling, and comprehension skills. Our unique program allows learners to progress at their own pace, mastering each level with confidence.

- Listening
- Reading
- Reading Comprehension
- Spelling

Scan me to learn more!

Silverlakes | Mooikloof
084 877 8880
www.masterliteracy.co.za



# HUIS TE HUUR / TE KOOP

WATERLAKEFARM ESTATE, BOSCHKOP AREA

VANAF
1 APR 2024



**EIENSKAPPE:**

- 4 SLAAPKAMERS
- 3 BADKAMERS
- STUDEERKAMER
- STAFF KWARTIERE
- 380 M2



**KONTAK:**

ANNELI
082 757 6511

# 12 May 2024 Mothers Day Lunch

## ON ARRIVAL

**11:30**
Glass of Sparkling Wine

## TO START

**12:00 - 13:00**
Whipped Feta with Roasted Tomatoes, Lemon & Garlic Olives, Honey Glazed Bacon Crumbs & Crispy Chickpeas
Freshly Baked Focaccia

## TO FOLLOW

**13:00 - 14:00**
Lamb Ragu with Creamy Parmesan Polenta & Roasted Baby Vegetables

## TO END

**14:00 - 15:00**
Duo of Strawberry Parfait & Lemon Brûlèe Tart

**R450 pp**

## KIDS MENU

BBQ Chicken & Cheese Pizza
Mini Magnum

**R150 pk**

**Set Lunch Menu ONLY**
**Time: 11:30 - 16:00**
**Booking Essential - Space Limited**
**info@sherewoodlodge.co.za**

LAERSKOOL TYGERPOORT BIED AAN:

# BERGFIETSRY PRETDAG

## ONS NOOI ELKE TYGIE WAT 'N FIETS HET OM DIE OGGEND SAAM MET ONS TE KOM GENIET!




**R100 PER KIND OF R200 PER GESIN**

KOSTE SLUIT IN: WORSBROODJIE, KOELDRANK OF WATER EN VAARDIGHEDE!

AANGEBIED DEUR RICHARD SUTTON MET 20+ JAAR ERVARING IN FIETSRY OPLEIDING

**4 MEI 2024**

**7:30 - 11:00**

**LAERSKOOL TYGERPOORT LAPA**

**VALHELM, FIETS, EN TOE SKOENE**

VIR MEER INLIGTING KONTAK MANESSA (0834266770) OF HANNELIE (0829065548)